Heidelbergse Kategismus

Sondag: 22

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 22

Vraag 57: Watter troos gee die *opstanding van die liggaam* aan jou?

Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie, maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word.

Vraag 58: Watter troos skep jy uit die artikel van die *ewige lewe*?

Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit - 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie - om God daarin ewig te prys.

Vraag 57: Watter troos gee *die opstanding van die liggaam* aan jou?

Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie,



Lukas 16:22: Toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra om teen die bors van Abraham te rus. Die ryk man het ook gesterf en is begrawe.

Lukas 20:37–38: Dat die dooies opgewek word, het selfs Moses in die gedeelte oor die doringbos uitgewys, waar hy die Here 'die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob' noem. Hy is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes. Wat Hom betref, is hulle immers almal lewendes.

Lukas 23:43: Jesus het hom geantwoord: "Amen, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

Filippense 1:21: Want vir my is om te leef Christus, en om te sterf wins;

Filippense 1:23: Ek is in 'n tweestryd gewikkel: Aan die een kant verlang ek om heen te gaan en saam met Christus te wees. Dit is immers verreweg die beste.

Vraag 57: Watter troos gee *die opstanding van die liggaam* aan jou?

Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie, maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word.



Job 19:25–26: Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan. En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou;

1 Korintiërs 15:53–54: Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.

Filippense 3:21: wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.

1 Johannes 3:2: Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

Vraag 58: Watter troos skep jy uit die artikel van *die ewige lewe*?

Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar,



2 Korintiërs 5:2–3: Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word, as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie.

Vraag 58: Watter troos skep jy uit die artikel van *die ewige lewe*?

Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit – 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie – om God daarin ewig te prys.



Johannes 17:24: Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.

1 Korintiërs 2:9: maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.

SONDAG: 22 - VRAAG EN ANTWOORD: 57

Vraag: Watter troos gee *die opstanding van die liggaam* aan jou?
Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie[1], maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word[2].

1 Lukas 16:22: Lukas 20:37-38: Lukas 23:43: Filippense 1:21: Filippense 1:23
2 Job 19:25-26: 1 Korintiërs 15:53-54: Filippense 3:21: 1 Johannes 3:2

SONDAG: 22 - VRAAG EN ANTWOORD: 58

Vraag: Watter troos skep jy uit die artikel van *die ewige lewe*?
Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar[1], ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit - 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie - om God daarin ewig te prys[2].

1 2 Korintiërs 5:2-3
2 Johannes 17:24: 1 Korintiërs 2:9

Kopiereg

© 2026